

# SMAAK DIE SOET VAN JOU EIE PLUKSEL ORGANIES GEKWEEKTE TUINGROENTE EN VERWERK JOU KOMBUISAFVAL TOT KOMPOS



DEUR **COBUS SMIT**
Foto's **David Briers**

## OPSIE 3
## GROENTE IN 'N POT

'n Houertuin is ideaal vir mense wat bykans geen plek het nie, want dit kan jy selfs op die balkon doen. Alle groente werk goed in houers, maar hou by kleiner plante vir kleiner houers. Blaarslaai, spinasie (sorg vir 'n dieperige pot vir die wortelstelsel), seldery, basilie, wortels, beet, soet- en brandrissies asook opgerankte tamaties, ertjies en boontjies werk goed in houers. Plant ook gerus blomme of blommende kruie soos roosmaryn.



## GROND VIR POTTE

As jy groente in 'n pot plant, moet jy die beste moontlike potgrond gebruik. Bly weg van tuisgemaakte mengsels as jy nie 'n deskundige is nie. Kompos is ook nodig – die goeies is geregistreer en gesertifiseer, of die verskaffer kan minstens 'n ontleding van die mengsel wys. Plaas klippies onder in die houer vir dreinering, 'n lagie bokashi (sien kassie hieronder) en jou potgrond bo-op. Dan is jy gereed om te plant en die deklaag op te sit. Gee water. As jy nie bokashi gebruik nie, is potgrond voldoende, maar dan verloor jy die voordele van die EM.



### TRAPPLEK

**Paadjies kan sommer van eenvoudige sementtrapblokke wees sodat jy maklik by alles kan bykom. Alles hoef nie altyd so deftig te wees nie. 'n Eenvoudige draadheining kan ook 'n heerlike rankplek wees vir boontjies in die somer en ertjies in die winter.**

### WENK

Sny die blomme van kruie soos basilie en roket af as jy wil hê hulle moet aanhou blare vorm. Die blomme word sade en dié stuur die boodskap aan die plant dat sy lewensiklus nou voltooi is. Dan vrek die plant en word die saad vir die volgende siklus gesaai.



## KOMPOS UIT KOMBUISAFVAL

**Jy kan kompos maak met kombuisafval of tuinvullis sonder dat dit enigsins sleg ruik of vlieë lok. Daarvoor het jy EM nodig – in die vorm van bokashi.**

### WAT IS EM?

EM is die afkorting vir effektiewe mikro-organismes. Dit is 'n gemengde kultuur in vloeistofvorm van sowat 70 tot 80 verskillende soorte voordelige mikro-organismes wat wêreldwyd in natuurlike omgewings soos in jogurt, kaas, rys, wyn, brood en selfs ryk woudgrond voorkom.

Een van die groot voordele van EM is dat dit die grond se struktuur verbeter sodat plante dan die voedingstowwe en water beter kan opneem. Plante is dan gesonder en minder vatbaar vir siektes en plae. Die plante neem ook die mikro-organismes in en dit verbeter hul weerstand nog meer. Voedingstowwe word dan ook in die regte formaat opgeneem sodat dit die produkte se raklewe verleng.



### WAT IS BOKASHI?

Met 'n verdere verwerkte vorm van EM, naamlik Bokashi (waar EM met semels gemeng word), maak jy sommer kompos in 'n 20 liter-drom. Gooi enige organiese kombuis-afval, tot vis en vleis (rou of gaar) in die spesiale kombuis-komposdrom. Sprinkel telkens Bokashi bo-oor en die afval fermenteer in plaas daarvan om te vrot.

Ná twee weke in die lugdigte houer lewer die reuklose, anaërobiese (sonder suurstof) proses bemesting vir jou tuin wat gereed is vir inspit of om op jou komposhoop te kom. Indien jy nie dan daarvoor tyd of gebruik het nie, kan dit eg-ter maande lank in 'n lugdigte houer bly vir latere gebruik sonder dat dit ooit stink. Alle Bokashi wat jy nie in die tuin inspit nie, kan ook komposhoop toe gaan.

Die effektiewe mikro-organismes afkomstig uit die EM sal dan ook help om die komposhoop vinniger te laat afbreek en deel bly daarvan om later deur die plante in jou tuin opgeneem te word.

Vir meer inligting kontak tuin@telkomsa.net.

**(Blaai om)**